

7 WEKE WAT GELOOF LAAT GROEI

Ons vra Gods vrae



'n Vraag is 'n snaakse ding – dit sit jou aan die gang. 'n Vraag (“question”) lei na 'n soektog (“quest”). Op 'n vraag volg 'n antwoord en tussen-in is daar 'n denkproses. Die soort vraag bepaal natuurlik die soort antwoord en die soort denkproses wat volg.

- 'n Geslote vraag se antwoord is gou oor en verby. “Hou jy van roomys?” “Hoe gaan dit?” Dis “ja” of “nee”, “goed” of “sleg”. Dit verkry ooreenvoudige informasie. 'n Oop vraag nooi uit tot kreatiwiteit en 'n denkproses wat maklik tot diep in die hart kan reik en groot potensiaal het om nie net informasie te kry nie, maar ook transformasie te stimuleer.

Soos: “As jy nou al die tyd en geld in die wêreld gehad het en vir niks bang was nie, wat sou jy die graagste wou doen?”

- Vrae soos die laaste een hierbo en dit wat volg, maak korte metten van ons “saboteurs” en die beperkende aannames wat ons het. “As jy 'n doelwit het, watter aannames maak jy wat jou keer om daar te kom?” Bv. “ek gaan huil”, “hulle gaan vir my lag”, “niks gaan tog verander nie”, “ek sal dit nie regkry nie”, “ek is nie aantreklik nie”, “ek is nie 'n leier nie”, “ek het nie die reg om te sê wat ek dink nie”, “ek is vasgevang, ek het nie 'n keuse nie”, “my gevoelens is nie belangrik nie”, “ek moet altyd die antwoorde hê”, “mense soos ek is nie belangrik nie”, ens. Wat aanvaar jy oor jouself en die lewe wat jou inperk? As jy nie bang was nie, watter risiko's sou jy neem? As jy nie langer sou terughou nie, wat sou jy doen? As jy regtig net jouself sou wees, hoe sou jy optree?
- Die regte vrae kan ons perspektief heeltemal verander. Dit kan 'n radikaal ander uitkoms ten opsigte van dieselfde stel feite bring. Dit word ook “reframing” genoem. (Sien ook die

storiëtjie wat dit illustreer by


www.moederkerk.co.za/die-chinese-boer)

- Die Bybel leer ons dat die mees bevrydende vrae wat jy kan vra, juis “Godsvrae” is. ’n Godsvraag veronderstel God is daar en God werk. Daarom vra ons nie “Waar is God?” nie, maar “Waarmee is God besig?” en “Waar pas ek daar in?” Nie “Waarom?” nie, maar “Waartoe?” Nie “Wat is die sin of doel hiervan?” nie, maar “Watter sin en doel kan ek en God saám hieraan gee?”
- Logiese redenering, die insameling van feite, die mening van die meerderheid, “hoe ons dit altyd gedoen het”, die reëls en regulasies het beperkte nut in besluitnemingsprosesse. Godsvrae maak muwwe denke weer oop.
- Die Bybel noem hierdie houding en gewoonte om Godsvrae te vra ook “onderskeiding” of “geloofsonderskeiding” (Engels: “Discernment”).

Om God se wil saám te onderskei

- Die Latynse *discernere* beteken om te skei of te onderskei (tussen goed en kwaad). Dit beteken om met geestelike oë dwarsdeur menslike motiewe en illusies te sien tot die hart van die probleem, oftewel om uit God se perspektief daarna te kyk.
- Die aannames wat nodig is om geestelike onderskeiding te kan beoefen, is i) dat God daar is en werk, ii) dat die beste ding wat met my/ons kan gebeur, is om sy wil te ken en te doen (ons is soms bang dit gaan sleg en swaar wees en vermy dus die soeke na sy wil) en iii) dat God se “wil” die buitekant van sy “hart” is.
- Om God se hart en wil te onderskei, is ’n proses van *framing* (definieer die fokus), *grounding* (wat is my/ons identiteit en

diepste waardes?), *shedding* (afgee van my ego, valse aannames en vooroordele), *rooting* (herverbintenis aan die tradisie waarin ons staan en die bestudering van die Skrif), *listening* (wie word geraak deur my besluit, na wie moet ek nog luister?) *exploring* (vrye teuels aan my ‘geestelike’ verbeelding), *improving* (verfyning van die opsies), *weighing* (denkende oorweging van al die opsies), *closing* (besluitneming), *resting* (toets die besluit deur te bepaal of dit ons vrede en nabyheid aan God gee, of bekommernis en wegbeweeg van God).



- Uit **Luk. 10:38-42** hoor ons iets van hierdie proses van onderskeiding. Wat Martha doen, is nie verkeerd nie. Mens kan egter die “verkeerde goeie goed” doen. Oftewel, mens kan die goeie ding op die verkeerde tyd doen. VIR NOU was stilwees en luister die regte ding op die regte tyd, soos Maria gedoen het.
- Uit **Filip 1:9-12** hoor ons dat die proses van geloofsonderskeiding i) slegs kan gebeur terwyl ek liefhet, ii) saam met ander geskied, iii) plaasvind terwyl ek die dele van God se wil doen wat ek reeds ken en iv) dat dit ’n verhoudingskwessie is – ek leer God se “voorkeure” ken, omdat ek Hóm ken.